

23 Februarie 1854

## Oranje-Vrystaat aan boere op skinkbord geskenk

Die Oranje Vrystaat, voor 1854 bekend as die Oranjerivier-Soewereiniteit, sou die prestige van die magtige Britse Ryk 'n gevoelige knou toedien, omdat die Britse regering verplig was om hierdie gebied letterlik op 'n skinkbord aan die Boere aan te bied.

Sir Harry Smith het in 1848 as Goewerneur en Hoë Kommissaris na die Kaap gekom en kort daarna inderhaas die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier tot Britse gebied verklaar (Oranjerivier-Soewereiniteit) om sodoende vrede te probeer handhaaf tussen die republikeingesinde Boere, lojaalgesinde (m a w Britsgesinde) Boere, Griekwas en Swartes wat gedurig onderling met mekaar in botsing was, minwetend "that territory had to be dropped like the proverbial hot potato." Hierdie voortvarende optrede van Sir Harry Smith het die Britse regering moeilik afgesluk, want 'n verandering het in die Koloniale beleid ingetree weens die geweldige uitgawe verbonde aan die Kaapse grensoorloë en die feit dat die binneland van Suid-Afrika teen die helfte van die neentiende eeu geen besondere handelspotensiaal of mineraalontginning gebied het nie. Reeds in 1851 besluit die Britse regering: "The ultimate abandonment of the Orange River Sovereignty should be a settled point in our policy."



Sir George Russel Clerk is as Britse Spesiale Kommissaris na die Vrystaat gestuur om die opsegging daarvan deur te voer. Wat Sir Harry Smith tot stand gebring het moes hy ongedaan maak en dit het hy beslis gedoen deur die woorde: "The territory unquestionably has some attractions, its climate is very superior; the herds of game are abundant; the Dutch settlers and their families rarely live upon anything else whatever. Hence, owing to this almost universal practice and other most thrifty habits, they are enabled in some instances to accumulate flocks and money to an extent which, in a community of this kind, is considered wealthiness. But it is nevertheless a vast territory possessing nothing that can sanction its being added to a frontier already inconveniently extended. It secures no genuine interests; it is recommended by no prudent or justifiable motive; it answers no really beneficial purpose; it imparts no strength to the British government, no credit to its character, no lustre to the Crown."

Hoewel die Engelse inwoners en die lojaalgesinde Boere hewig geprotesteer het teen die ontruiming van die Vrystaat deur die Britse regering en die standpunt gehuldig het dat Brittanje "flung it (die Oranjerivier-Soewereiniteit) from him as a man does his bedclothes in the fit of a nightmare" is daar egter voet by stuk gehou om die land prys te gee. Clerk het moeite gedoen om toenadering te soek by die republikeingesinde Boere wat 'n onafhanklikheidsbeweging gevorm het met die doel om die regering van die land oor te neem, terwyl sy eie landgenote wat Britse gesag oor die gebied verlang het, geen simpatie getoon is nie. Dit was duidelik dat die Britse regering met enige gewillige party sou onderhandel, solank hy net hierdie las, waarvan hy natuurlik self die oorsaak was, van sy skouers kon afgooi. Die bekende Engelsman, W Collins, het die gevoel van die Engelse inwoners in die Vrystaat vertolk toe hy sê: "We have been deserted in a most shameful manner by our Mother Country."

Hoe dit ook al sy, die Oranje-Vrystaat het soos 'n ryp peer in die skoot van die Boere geval toe dit op 23 Februarie 1854 finaal aan hulle oorgedra is. Die Boere het nooit kon dink dat aan hulle vryheid en onafhanklikheid binne die grense van 'n Britse Kolonie geskenk sou word nie. Sover bekend, is daar geen ander voorbeeld in die geskiedenis van die Britse Ryk waar Brittanje gedurende die negentiende eeu vrywillig aan die oorspronklike inwoners grondgebied teruggegee het nadat dit etlike jare onder Britse regering gestaan het nie.

Die vrywillige teruggawe in 1854 sou egter agt-en-veertig jaar later (1902) ironies terugskram toe die Britse regering die Oranje-Vrystaat met wapengeweld onderwerp het, nadat laasgenoemde hom sonder aarseling, kragtens verbond, by die Transvaal geskaar het in sy stryd teen Brittanje.

Die Eerste Raadsaal-museum in St Georgesstraat in Bloemfontein bied vandag 'n historiese uiteensetting van die totstandkoming van die Republiek van die Oranje-Vrystaat.

*Hannes Haasbroek  
Historikus*

Bibliografie:

Imperiale Blouboeke van 10 April 1854. Further correspondence relative to the State of the Orange River Territory, Londen, 1854.

The Friend, 1.9.1853; 24.3.1854.

Haasbroek, J. Die rol van die Engelse in die Oranje-Vrystaat 1850-1859. (M A - verhandeling, U O V S, Bloemfontein, 1977).



*Cecil Skotnes Ida Pepler en die skrywer Stephen Gray by 'n houtsnie deur Cecil Skotnes.*

## Die Museumkunsgroep

Die Museumkunsgroep het in 1970 tot stand gekom op inisiatief van 'n groep Bloemfonteinse kunsliefhebbers, met die doel om onder die beskerming van die Raad van die Nasionale Museum uitstallings van hoogstaande gehalte aan te bied. Aanvanklik het die groep bestaan uit die bekende kunstenaars Reneé le Roux, saam met Jean van Heerden, Elsie Keyser en Ida Pepler. Tans is Ida Pepler, Lottie White en Dora Scott die drie dames wat onder die naam van die Museumkunsgroep sodanige uitstallings aanbied.

Dié groep reël sowat vier uitstallings per jaar en is veral daarop ingestel om die werk van kunstenaars uit ander provinsies hierheen te bring. Die meeste van die werke wat uitgestal word is te koop en uit die kommissie op verkope word kunswerke aangekoop vir die permanente versameling van die Nasionale Museum. Sedert die ontstaan van die groep is agt-en-twintig kunswerke op hierdie wyse tot die versameling toegevoeg.

Deur die ywer van hierdie groep dames is Bloemfontein se publiek sedert 1970 bevoorreg om van die werke van bekende kunstenaars te sien te kry waaronder dié van Bettie Cilliers-Barnard, Walter Batiss, Anna Vorster, Gregoire Boonzaaier, Maggie Laubser, Irma Stern, Jean Welz, Frank Spears, Cecil Skotness en andere.

Die jongste poging van die Museumkunsgroep is op Dinsdag 19 Februarie geopen deur Sy Edele Regter H J O van Heerden. Hierdie uitstalling bestaan uit werke van sestien Kaapse Kunstenaars en verteenwoordig 'n wye verskeidenheid van denk- en stylrigtings. Bekende name in hierdie uitstalling is ondermeer dié van Cecil Skotness, Reneé le Roux, Jules en Ada van der Vijver, Louis Jansen van Vuuren, Olivia Scholnick en die twee oud Bloemfonteinders Hardy Botha en Lyn Smuts.

Lesers van die Nuusbrieff wat graag die opening wil bywoon van uitstallings wat deur die Museumkunsgroep aangebied word, word aangeraai om 'n briefie te skryf en hul name en adresse te verstrek.